# *Biskop Pos*

## *Junie Julie 2022*

## Met die Bybel op pad...

**“Hulle wat die Here liefhet, is soos die son wat opkom in sy krag!”**
Rigters 5,31b

Die daaglikse Bybelleesplan neem ons in Junie-Julie onder andere deur die boek Rigters. Dit handel oor die tydperk tussen die aankoms van die Israeliete in Kanaän en die vestiging van die koninkryk Israel. In hierdie meestal leierlose tyd was daar heelwat krisisse wat die volk bedreig het, en selfs die ondergang sou kon beteken. Ons lees hoedat die Here dan mense geroep het om die volk te lei. Twee dinge staan uit:
Ten eerste het die Here elke slag die hele volk tot omkeer geroep, sodat hulle volgens sy gebooie sou lewe. As ´n volk ´n stewige fondament van integriteit en etiese waardes het, kan dit baie beter moeilikhede oorkom.
Ten tweede het die Here dan persone geroep en toegerus om teen die bedreiging te veg. Soms was dit onderdrukking, soms korrupsie, soms bandeloosheid en afgodery.
Ek nooi jou uit om tydens die lees te vra: Wat leer ek hieruit vir ons uitdagings in ons eie tyd?
Ons is nou wel nie sonder regering nie, maar dis ´n regering wat lelik klei trap. In plaas van leiding gee, vergroot die regeerders die lyding. Die land se krisis groei steeds. Die ekonomie is sleg, en baie mense in ons land het geen hoop meer nie. Natuurlik hoop ek dat ons een of ander tyd ´n beter regering sal kry, met leiers wat die volk dien en nie in die eerste plek hulle eie voordele soek nie. Maar ons kan nie maar net wag totdat dit gebeur nie.
Almal van ons wat in Christus glo word opgeroep om as sy volgelinge te lewe, om self mense met integriteit te wees, wat nie deel is van korrupsie, rassisme, vooroordeel, haat en geweld nie. Ons as Christene moet saamstaan, oor al die grense van ras en denominasie heen. Ons is baie. En as ons sáám Christus navolg, sal dit ´n verskil maak.
Soos die volk destyds kan ons ook na die Here toe roep om hom te ontferm. Mag Hy mense roep en toerus om as leiers op te staan teen onreg en korrupsie. Ons land het so veel potensiaal. Mag dit vir almal wat hier leef ´n veilige plek wees, waar mense hulle potensiaal kan ontwikkel en uitleef, tot voordeel van almal.
Ons mag nie wag totdat daar beter politici is nie, maar is nou opgeroep om hier en nou Christus na te volg. Hulle wat die Here liefhet, is soos die son wat opkom in sy krag!

Julle mededienaar in Christus Horst Müller

# Nuus uit NELCSA

1. Ons tweejaarlikse Pastors konfensie kon uiteindelik weer in persoon plaasvind. “Living Christ´s unity as a diverse church.” was die tema. Deur Bybelstudie, voorlesings en gesprekke het ons predikante beraadslaag hoe ons ons gemeentes kan help om die groot verskeidenheid in ons gemeentes nie net te aanvaar nie, maar ook die seën daarvan raak te sien. Sodoende kan ons gemeentes plekke van hoop in ons land wees. Die beste voorbeeld het Jesus self gestel, Hy, die meester, wat sy dissipels geduldig gedien en gevorm het.

2. Elke gemeente het ´n stuk materiaal en kleurverf gekry. Die uitdaging is om die sinodetema: ALIVE te skilder: Hoe beleef julle dat julle deur Christus lewendig is?
Al hierdie kunswerke gaan dan in ´n reuse banier op die sinode vertoon word. In die maande daarna word dit dan van gemeente tot gemeente aangestuur, sodat almal kan sien hoe Christus in NELCSA lewe bring.